Brasilië ontvang Mandela koninklik

SAO PAULO. – Ten tyde van mnr. Nelson Mandela, president van die ANC, se vyfdaagse besoek aan Brasilië, gaan hy 'n ontvangs geniet wat gewoonlik net besoekende staatshoofde beskore is. Mnr. Mandela gaan die Brasiliaanse president, mnr. Fernando Collor de Mello, ontmoet en die Kongres en die hooggeregshof besoek.

Die volgende aangeleenthede sal bespreek word ten tyde van sy besoek: die moontlikheid van 'n ANC-kantoor in Brasilië en die moontlike verbetering van betrekkinge met die Suid-Afrikaanse regering.

"Ons sal graag ons verhouding met die Brasiliaanse regering amptelik wil maak. Die regering het nog altyd ons stryd ondersteun," het mnr. Yusuf Saloogi, hoof van die ANC se departement van internasionale betrekkinge, gesê.

Mnr. Mandela gaan voorts in Rio 'n skool wat na hom vernoem is, inwy en 'n ere-graad ontvang aan die staatsuniversiteit in Rio. – (Sapa-AP)

Beeld 1/8/91